60/98

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# *DIE HOOGSTE HOF VAN APPèL VAN SUID-AFRIKA*

SAAKNOMMER: 145/96

In die saak tussen:

**PETRUS JOHANNES JOACHIM SMIT** **Appellant**

**en**

**CARNIASAAD** **1ste Respondent**
**DIE MAGALIESBERGSE GRAAN KOöPERASIE BEPERK** **2de Respondent**
**TWEE RIVIER BOERDERY BK** **3de Respondent**
**BOLAND BANK BEPERK** **4de Respondent**

Coram: SMALBERGER, F H GROSSKOPF, NIENABER, SCHUTZ en STREICHER ARR
Verhoor: 20 AUGUSTUS 1998
Gelewer: 1 SEPTEMBER 1998

---

## U I T S P R A A K

---

STREICHER AR/

STREICHER AR:

Die appellant ("Smit") het bastermieliesaad wat op die grond van die derde respondent, Twee Rivier Boerdery BK ("die Bk"), geproduseer en geoes is aan die eerste respondent ("Carniasaad") gelewer. Die tweede respondent, Die Magaliesbergse Graankoöperasie Beperk ("die Koöp") maak egter aanspraak op betaling van die opbrengs van die oes op grond van ŉ sessie deur die Bk aan die Koöp van "sy oeste en/of produkte en/of die opbrengs daarvan". Die hof *a quo* het die Bk gelyk gegee en het ŉ aansoek deur Smit vir ŉ verklarende bevel dat hy geregtig is op die opbrengs van die oes van die hand gewys. Met verlof van die hof *a quo* appelleer Smit teen hierdie bevinding. Die appèl word slegs deur die Koöp teengestaan.

Die Bk was die eienaar van ŉ aantal onroerende eiendomme ("die grond"). Op 6 September 1993 het Carniasaad ŉ

skriftelike ooreenkoms genaamd ŉ bastermielesaad produksie-ooreenkoms met die Bk aangegaan. Ingevolge die ooreenkoms het Carniasaad basissaad aan die Bk verkoop vir die produsering van bastermieliesaad van ŉ kultivar genaamd CRN 4502. Die Bk het onderneem om 25 hektaar van die grond met die basissaad te beplant. Die ooreenkoms het voorskrifte bevat oor die verbouing, oes en dors van die bastermieliesaad. Die verwagte oes is ingevolge die ooreenkoms deur die Bk aan Carniasaad verkoop teen ŉ bepaalde koopprys en moes deur die Bk aan Carniasaad gelewer word. Op 27 September 1993 het Carniasaad en die Bk ŉ soortgelyke ooreenkoms aangegaan vir die produsering van bastermieliesaad van ŉ kultivar genaamd CRN 4526. Die Bk het die basissaad op die grond aangeplant vanaf ongeveer middel Oktober 1993 tot middel Desember 1993.

Op 17 September 1993, d.w.s. na die aangaan van die

eerste ooreenkoms maar voor die aangaan van die tweede ooreenkoms, het die Bk h sessie ten gunste van die Koöp onderteken. Die sessie bepaal soos volg:

> "Die Sedent sedeer en dra hiermee onherroeplik in volle en vrye eiendomsreg oor aan die Sessionaris, al sy oeste en/of produkte en/of die opbrengs daarvan en wel tot h bedrag gelykstaande aan die bedrag deur hom verskuldig aan die Sessionaris."

Gedurende ongeveer Desember 1993 het Smit verneem dat die ledebelang in die Bk te koop is. Hy het belanggestel in die verkryging van die grond deur die verkryging van die ledebelang in die Bk of deur die aankoop van die grond self. Vir hierdie doel het hy onderhandelinge gevoer met ene Schoeman wat die enigste lid van die Bk was. Nog voordat enige ooreenkomste met die oog op sodanige verkryging gesluit is, en wel gedurende Januarie 1994, het Smit besit geneem van die grond en daarop begin boer. Op die stadium wat die

aansoek in die hof *a quo* geloods is, het hy nog steeds op die grond geboer. Kragtens h ooreenkoms met Schoeman, wat waarskynlik namens die Bk opgetree het, het Smit okkupasiehuur ten opsigte van die grond aan die vierde respondent, Boland Bank betaal. Die okkupasiehuur was volgens Smit besonder hoog ten einde "Schoeman" te vergoed vir sy insetkoste met betrekking tot die basissaad wat verkry is van Carniasaad.

Op 18 Maart 1994 het Smit en Carniasaad skriftelike bastermieliesaad produksie-ooreenkomste aangegaan ten opsigte van die basissaad wat reeds deur die Bk op die grond aangeplant is ingevolge die soortgelyke ooreenkomste wat deur die Bk met Carniasaad aangegaan is op 6 en 27 September 1993. Ingevolge hierdie ooreenkomste het Carniasaad met Smit ooreengekom dat hy die verbouing van die bastermieliesaad sou behartig en dat hy verplig sou

wees om die bastermieliesaad te oes en aan Carniasaad te lewer teen 'n ooreengekome koópprys.

Die bastermieliesaad is later deur Smit geoes en deur hom aan Carniasaad gelewer ingevolge die produksie-ooreenkomste wat hy met Carniasaad gesluit het. Alhoewel daar onduidelikheid is of Smit wel die grond geldiglik van die Bk gekoop het, is daar geen geskil tussen Smit en die Bk dat Smit geregtig was om vir sy eie voordeel die bastermieliesaad te oes en aan Carniasaad te lewer nie. Daar is ook geen geskil tussen Smit en die Bk dat Smit geregtig was om in okkupasie van die eiendom te bly totdat hy die mielies klaar geoes en gelewer het nie. Die Koöp ontken nie dat Smit, wat betref die Bk, geregtig was om die grond te okkupeer totdat hy die bastermieliesaad vir sy eie voordeel klaar geoes en gelewer het nie maar ontken wel dat die bastermieliesaad deur Smit geoes is. Geen basis vir die ontkenning

word egter deur die Koöp verskaf nie. Die Koöp het dus geen werklike of bona fide feite-dispuut ten opsigte van Smit se bewering dat hy bastermieliesaad geoes het, opgewerp nie. Onder die omstandighede moet die saak beslis word op die basis dat Smit wel die bastermieliesaad wat hy aan Carniasaad gelewer het, vir sy eie voordeel geoes het en dat hy teenoor die eienaar van die grond geregtig was om dit te doen. Smit het dus eienaar geword van die geoeste bastermieliesaad wat deur hom aan Carniasaad gelewer is.

Carniasaad het sekere betalings aan die Koöp gedoen ten opsigte van die bastermieliesaad wat deur Smit gelewer is maar het verdere betaling teruggehou omrede teenstrydige aansprake op betaling deur Smit en die Koöp gemaak word. Carniasaad se houding is dat die opbrengs van die gelewerde bastermieliesaad uitbetaal sal word aan wie ookal daarop geregtig is.

Die hof *a quo* het bevind dat die produksie-ooreenkomste wat die Bk met Carniasaad aangegaan het aan Carniasaad die reg verleen het om lewering van die bastermieliesaad van die Bk te eis; dat die Bk slegs ŉ persoonlike reg verkry het om betaling vir die bastermieliesaad wat hy aan Carniasaad lewer te vorder; dat die Bk sy vorderingsreg op die opbrengs van die oes van die bastermieliesaad aan die Koöp gesedeer het; dat ŉ sessie van toekomstige regte toelaatbaar is; dat die Bk nie daarna die vorderingsreg aan Smit kon oordra nie en dit ook nie gedoen het nie, en dat die reg so gesedeer steeds in die Koöp setel. Op grond van hierdie bevindings het die hof *a quo* bevind dat die Koöp geregtig is op die opbrengs van die oes wat aan Carniasaad gelewer is.

Volgens die sessie het die Bk al sy oeste en produkte en die opbrengs daarvan "in volle en vrye eiendomsreg" aan die Koöp

oorgedra. Voordat die bastermieliesaad geoes sou word, sou dit deel vorm van die grond en sou die eienaar van die grond ook die eienaar van die bastermieliesaad wees. Die Bk kon nie by wyse van sessie die eiendomsreg in die ongeoeste bastermieliesaad van die eiendomsreg in die grond skei nie. Na afskeiding van die bastermieliesaad van die grond sou dit h roerende saak wees waarvan die eiendomsreg ook nie by wyse van sessie oorgedra kon word nie. Vir sover die Bk met die sessie gepoog het om sy eiendomsreg in sy verwagte oeste aan die Koöp oor te dra, was die poging gevolglik oneffektief. Dieselfde geld wat betref die eiendomsreg in die opbrengs van die verwagte oeste. Die Bk kon wel enige bestaande of toekomstige vorderingsreg ten opsigte van die opbrengs van sy oeste of verwagte oeste aan die Koöp sedeer. Namens die Koöp is dan ook betoog dat sodanige vorderingsreg deur die Bk aan die Koöp gesedeer is.

Indien aangeneem word dat die Bk inderdaad sy vorderingsreg op die opbrengs van al sy oeste, insluitende toekomstige oeste, aan die Koöp gesedeer het, is die posisie soos volg. Op die datum van die sessie was die eerste produksie-ooreenkoms tussen die Bk en Carniasaad reeds gesluit gewees. Ingevolge daardie ooreenkoms het die Bk teenoor Carniasaad die reg op betaling van ŉ ooreengekome koopprys teen lewering deur die Bk aan Carniasaad van bastermieliesaad wat ingevolge daardie ooreenkoms geproduseer is, verkry. Dit is ŉ voorwaardelike vorderingsreg ten opsigte van ŉ verwagte toekomstige oes. Daardie voorwaardelike reg is deur die sessie oorgedra aan die Koöp. Die tweede produksie-ooreenkoms tussen die Bk en Carniasaad was egter nog nie gesluit gewees op die datum van die sessie nie. Geen vorderingsreg, voorwaardelik of andersins, het dus bestaan ten opsigte van die oes wat na verwagting

ingevolge daardie ooreenkoms ingesamel sou word nie. Wat betref die tweede produksie-ooreenkoms was die sessie dus ŉ sessie van ŉ nie-bestaande reg wat moontlik in die toekoms kon ontstaan d.w.s. van ŉ *spes*. Die hof *a quo* het tereg bevind dat so'n sessie geldiglik aangegaan kon word (sien *Bank of Lisbon and South Africa Ltd v The Master* 1987 (1) SA 276 (A) op 294C). Daar is ŉ verskil van mening oor die presiese werking van so'n sessie (sien *Waikiwi Shipping Co Ltd v Thomas Barlow and Sons (Natal) Ltd* 1978 (1) SA 671 (A) op 677H). Aan die een kant is daar diegene wat aanvoer dat ŉ blote verwagting nie oorgedra kan word nie met die gevolg dat die sessie van ŉ toekomstige reg tot gevolg het dat wanneer die reg ontstaan dit eers in die boedel van die sedent vestig en dan, sonder enige verdere oordragshandeling, oorgaan op die sessionaris (sien *Muller NO v Trust Bank of Africa Ltd* 1981 (2) SA 117 (N) op 126D-G en 128H; Joubert,

*The Law of South Africa* (First Re-issue) vol 2 para 242). Aan die ander kant is daar diegene wat meen dat die toekomstige reg reeds by aangaan van die sessie aan die sessionaris oorgedra word sodat dit wanneer dit ontstaan direk in die boedel van die sessionaris val (sien die uitspraak van Olivier AR in *First National Bank of SA Ltd v Lynn NO* 1996 (2) SA 339 (A) op 360I). Dit is nie vir doeleindes van hierdie saak nodig om te beslis of die toekomstige vorderingsreg, wanneer dit materialiseer, eers vestig in die sedent en dan oorgaan op die sessionaris en of dit direk vestig in die sessionaris nie. Toe die tweede produksie-ooreenkoms aangegaan is, het die Bk, soos in die geval van die eerste produksie-ooreenkoms, teenoor Carniasaad die reg op betaling van h ooreengekome koopprys, teen lewering deur die Bk aan Carniasaad van bastermieliesaad wat hy ingevolge daardie ooreenkoms geproduseer en geoes het, verkry. Soos in die geval van die eerste

produksie-ooreenkoms was dit h voorwaardelike vorderingsreg ten opsigte van die Bk se verwagte toekomstige oeste. Die voorwaarde waaraan beide vorderingsregte onderhewig was, was dat die Bk bastermieliesaad wat hy ingevolge sy produksie-ooreenkomste met Carniasaad geproduseer en geoes het aan Carniasaad lewer. Ingevolge die sessie het die twee voorwaardelike vorderingsregte op die laatste by sluiting van die tweede produksie-ooreenkoms in die Koöp gevestig. Teen vervulling van die voorwaarde sou die Koöp en nie die Bk teenoor Carniasaad geregtig wees op betaling.

Die Bk het nie bastermieliesaad geoes en aan Carniasaad gelewer nie. Die voorwaarde waaraan die vorderingsregte wat deur die Bk aan die Koöp oorgedra is, onderhewig was, is dus nooit vervul nie. Smit het as huurder van die grond die bastermieliesaad-oes ingesamel soos wat hy geregtig was om te doen. Daarna het hy die oes aan

Carniasaad gelewer soos wat hy ingevolge sy ooreenkomste met Carniasaad verplig was om te doen. Ingevolge sy ooreenkomste met Carniasaad het hy teen lewering van die oes geregtig geword op die voorafooreengekome koopprys. Sodanige koopprys is die opbrengs van sy oes en nie die opbrengs van die Bk se oes nie. Die Koöp het nie uit hoofde van die sessie enige aanspraak op die obrengs van die bastermieliesaad wat deur Smit geoes is en aan Carniasaad gelewer is nie.

Namens die Koöp is betoog dat Smit kennis gedra het van die sessie deur die Bk aan die Koöp. In hierdie verband word gesteun op ŉ hoorsê stelling dat Schoeman so sou gesê het. Geen basis op grond waarvan hierdie hoorsê getuienis toegelaat kan word, is voor die hof geplaas nie. Smit ontken dat dit die geval was. Dit is dus nie nodig om te beslis wat die posisie sou gewees het indien Smit wel sodanige

kennis gehad het nie.

Die appèl moet gevolglik slaag. Die appellant het gevra dat die koste van twee advokate toegelaat word ook wat betref ŉ uitstel van die aansoek in die hof *a quo* waar koste aan die appellant toegestaan is maar die vraag of dit die koste van twee advokate moes insluit voorbehou is. Die versoek word teengestaan deur die tweede respondent. Die tweede respondent het egter geen beswaar geopper teen die versoek dat hierdie hof beslis of die voorbehoue koste die koste van twee advokate insluit al dan nie. Na my mening was die saak nie so ingewikkeld en van sodanige omvang dat dit die dienste van twee advokate geverg het nie.

Die volgende bevel word gemaak:

1 Die appèl slaag.

2 Die tweede respondent word beveel om die koste van die

appèl te betaal.

3 Die bevel gemaak deur die hof *a quo* word tersyde gestel en vervang met die volgende bevel:

3.1 Die applikant is geregtig op die opbrengs van die bastermieliesaad gelewer aan eerste respondent en geproduseer ingevolge die bepalings van aanhangsels "E" en "F" tot applikant se funderende beëdigde verklaring.

3.2 Die tweede respondent word beveel om die koste van die aansoek te betaal.

3.3 Die koste wat voorbehou is by die uitstel van die aansoek sluit slegs die koste van een advokaat in.

P E STREICHER
APPèLREGTER

SMALBERGER AR )
F H GROSSKOPF AR ) Stem saam
NIENABER AR )
SCHUTZ AR )